24 – 7 GEBED VIR HERLEWING
6 - 12 Januarie 2024

VERKONDIG DIE VERLOSSER
7 Beloftes van Jesus se wederkoms

Die Here Jesus Christus, sal die lewende en die dode oordeel by sy verskyning
(2 Timoteus 4:1, OV)

Jesus het Sy dissipels van Sy wederkoms vertel. Die apostels het voortgegaan om hierdie ewige hoop met die vroeë Kerk te deel soos in die briewe geskryf is. Vandag wag die Kerk op die voleinding van Sy wederkoms en die vestiging van Sy ewige koninkryk.

In hierdie derde deel in 'n reeks van drie, 'Verkondig die Verlosser', fokus ons op sewe beloftes uit die Skrif wat die wederkoms van Jesus, ons Regverdige Regter, verkondig.

MAANDAG 6 JANUARIE 2025
JESUS SE BELOFTE
Dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemelruim verskyn, en al die volke van die aarde sal verslae wees. Hulle sal die Seun van die mens op die wolke van die hemel sien kom met groot krag en majesteit. (Matteus 24:30).

Kom ons bid
'n Teken van Sy wederkoms: Misleiding
"Pas op dat niemand julle mislei nie." (Matteus 24:4b).
- Bid vir geestelike leiers om hulle kudde met nederigheid en vrees voor die Here te lei.

Maak gereed vir Sy wederkoms
Wees op julle hoede; wees waaksaam, *omdat julle nie weet wanneer die tyd daar is nie.* (Markus 13:33).
- Vra die Heilige Gees om jou te help om 'n sterk, volgehoue gebedslewe te kweek.

Eenvoudige gebed
U wat regspreek oor die volke, Here, bevind tog dat ek reg het, Here, dat ek onskuldig is. (Psalm 7:9).

DINSDAG 7 JANUARIE 2025
GESAG OM TE OORDEEL
Soos die Vader die lewe in Homself het, het Hy die lewe ook aan die Seun gegee om dit in Homself te hê. Hy het Hom ook volmag gegee om te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is. (Johannes 5:26-27).

Kom ons bid
'n Teken van Sy wederkoms: Oorloë en moeilike tye
*Julle sal die **rumoer van oorloë en gerugte van oorloë hoor.*** (Matteus 24:6).
- Bid vir lande en mensegroepe wat wêreldwyd in konflik is en vra Jesus om Homself aan hulle as die Vredevors te openbaar.

Maak gereed vir Sy wederkoms
*"Julle moet nie ontsteld wees nie. **Glo in God; glo ook in My**."* (Johannes 14:1).
- Vra die Here om vergifnis vir tye van ongeloof in jou wandel met Hom. Vertrou Hom met jou hele hart.

Eenvoudige gebed
Here, verhoor my gebed op die dag van my nood (Psalm 20:2).

WOENSDAG 8 JANUARIE 2025
ELKE OOG SAL HOM SIEN
Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het; en al die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyt weeklaag. Ja, dit is seker! (Openbaring 1:7).

Kom ons bid
'n Teken van Sy wederkoms: Natuurrampe
... daar sal op baie plekke hongersnode en aardbewings wees. (Matteus 24:7b).
- Bid vir die Liggaam van Christus om haarself voor te berei om die sout en die lig te wees wanneer natuurrampe plaasvind.

Maak gereed vir Sy wederkoms
Hy kom, Hy kom om oor die aarde te heers. (Psalm 96:13). Sien ook Psalm 98:9, 135:14.
- Dink voortdurend na oor God se Woord en wees in 'n ware verhouding met Hom.

Eenvoudige gebed
In U regspraak, o Here, wees my, U dienaar, barmhartig (Psalm 135:14).

DONDERDAG 9 JANUARIE 2025
SY WEDERKOMS VIR SY EIE
Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. (1 Tessalonisense 4:16)..

Kom ons bid
'n Teken van Sy wederkoms: Vervolging
Die mense sal julle oorlewer om mishandel te word, en hulle sal julle doodmaak. Julle sal deur al die nasies gehaat word omdat julle my Naam bely. (Matteus 24:9).
- Bid vir die Liggaam van Christus om haar hart in gebed en oorgawe voor te berei vir vervolging.

Maak gereed vir Sy wederkoms
Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg… (Matteus 5:11a).

- Stel jou hart daarop om God in alle omstandighede te loof – in tye van gebrek, oorvloed, beproewing of onsekerheid.

Eenvoudige gebed
Met my hele hart sal ek U prys, Here my God, u Naam altyd eer… (Psalm 86:12).

VRYDAG 10 JANUARIE 2025
REDDING VAN ISRAEL
Daardie dag sal sy voete op die Olyfberg staan oos van Jerusalem.(Sagaria 14:4a). *Daardie dag sal daar 'n vars stroom water uit Jerusalem vloei…* (Sagaria 14:8a). Lees ook Romeine 11 en Sagaria 14.

Kom ons bid
'n Teken van Sy wederkoms: Haat en verraad
In daardie tyd sal baie mense van die geloof afvallig word, en hulle sal mekaar verraai en mekaar haat. (Matteus 24:10).

- Bely enige aanstoot in jou hart en versoen met ander soos die Heilige Gees jou lei.

Maak gereed vir Sy wederkoms
"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart…" (Lukas 10:27).

- Soek God se aangesig met jou hele hart en moenie jou eerste liefde vir Hom verwaarloos nie.

Eenvoudige gebed
… laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel….(Matteus 6:10).

SATERDAG 11 JANUARIE 2025
VERHEERLIK EN BEWONDER
Dit sal gebeur op die dag wanneer Hy kom ***om verheerlik te word*** *deur dié wat aan Hom behoort, om eer te ontvang van almal wat glo. Julle sal ook daar wees, want julle het ons getuienis aan julle geglo.* **(**2 Tessalonisense 1:10). Lees ook 2 Tessalonisense 1

Kom ons bid
'n Teken van Sy wederkoms: Ongeregtigheid
Omdat die minagting van die wet van God sal toeneem, sal die liefde by baie verkoel. (Matteus 24:12).
Gee die Here geen rus oor ongeregtighede nie. Hy belowe om reg te doen aan elkeen wat Hom dag en nag aanroep (Lukas 18:1-8).

Maak gereed vir Sy wederkoms
Elkeen wat hierdie verwagting in verband met Hom koester, hou homself rein soos Jesus rein is. (1 Johannes 3:3).

- Vra die Here om Sy heiligheid en reinheid deur Sy Woord aan jou te openbaar en pas dit toe op jou lewe.

Eenvoudige gebed
Gee my 'n rein hart Here, want ek wil U sien (Matteus 5:8).

SONDAG 12 JANUARIE 2025
EWIGE KONINKRYK
"Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here en sy Gesalfde, en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid." (Openbaring 11:15b).

Kom ons bid
'n Teken van Sy wederkoms: Die Evangelie in elke nasie
En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom. (Matteus 24:14).

- Bid vir jou plaaslike kerk om aktief te bly met evangelisasie en sendingwerk.

Maak gereed vir Sy wederkoms
Hy het vir hulle gesê: "Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom." (Markus 16:15).

- Bid vir getrouheid om die werk van die koninkryk te doen soos Jesus Sy volgelinge beveel het om te doen.

Eenvoudige gebed
...laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. (Matteus 6:10).